VYFTIEN NUWE PARADIGMAS (NO. 13-15)

ARNO & MARIANNE CLAASSEN

'N VARS NUWE DENKE OOR GEMEENTEWEES! (DEEL 6)

© KOPIEREG 2010

ARNO & MARIANNE CLAASSEN
LIFEWISE CONSULTANTS

UITGEGEE DEUR:

LIFEWISE UITGEWERS
ABSA, Takkode – 334 645
Rekening nommer: 9211 621 868

POSBUS 31288
WONDERBOOMPOORT, 0033

(012) 335 7571
Arno Claassen- 082 460 3024
Marianne Claassen - 082 412 7000

arno@lifewise.co.za

www.lifewise.co.za

DIE REGTE VAN DIE GESKRIF SOOS HY IS, IS IN DIE HANDE VAN DIE SKRYWER. ENIGE LESER WORD AANGEMOEDIG OM DIT VIR SOVEEL MENSE AS MOONTLIK AAN TE STUUR SONDER OM DIE INHOUD DAARVAN TE VERANDER. DIE INHOUD KAN VRYLIK VERWERK WORD IN JOU EIE WOORDE EN WEER GEBRUIK WORD ONDER JOU EIE NAAM!

VOORWOORD

Alhoewel daar nie een selkerk met meer as ‘n miljoen mense in die wêreld is nie, is daar verskeie huiskerkbewegings met meer as ‘n miljoen, drie miljoen en selfs ses miljoen mense. Die interessante is dat feitlik almal weereens in die Ooste is. Die Oosterse mense is in hulle denke minder gestruktureerd as die Weste en hulle vind dit nie nodig om alles te verpak en te beheer soos ons nie. Daar is definitief iets in die Oosterse huiskerkbeweging wat werk en oënskynlik vir ons nog geslote of dalk te eenvoudig is. Faktore wat ook ‘n rol speel is veral die feit dat die Christelike geloof onwettig is en daar aktiewe vervolging is. Persoonlik het ek nie baie kontak met die Oosterse huiskerkbeweging nie.

Die Westerse huiskerkbeweging staan my nie veel aan nie weens ‘n paar redes. In ‘n groot mate is dit net Sondag kerk by die huis. Alles is dieselfde as wat dit was, behalwe dat dit nou klein is en in huise is. Die bedoelinge is goed, maar die produk verskil nie veel nie. In die Weste het baie mense ongelukkig seergekry met outoritêre leierskap en nou trek hulle laer in huiskerke. Jy kan geen gemeente bedryf met seer, verwerping, reaksie, oneer en ‘n individualistiese gees nie! Die Westerse huiskerk is kwaad vir leiers, Sondagdienste en geboue, en dit is ‘n wenresep vir ‘n gemors. Nie een van laasgenoemde drie goed is verkeerd of sondig nie, maar mag dalk nie aldag reg aangewend word nie. Ons kerkprobleem is nie in die eerste plek ‘n uiterlike probleem nie, maar ‘n innerlike hartsprobleem wat in verkeerde lewensstyle manifesteer! As ons nuwe uiterlike strukture skep met die hoop dat dit lewe sal bring, sal ons teleurgesteld raak. Alles begin by die hart en by die opdrag om te dissipel. Wat is dissipelskap dus?

DIE VYFTIEN PARADIGMAS

Ons is nou by die laaste gedeelte wat oor die paradigmas handel. Hierdie is die inleiding wat dan basies die ontleding van die saak deurgee. Na hierdie hoofstukke gaan ons aktief na ‘n oplossing soek en probeer om alles wat nuut gevind is in ‘n werkbare gemeentemodel saam te vat. Onthou dat die oplossing van die probleem nie in die ontleding van ‘n saak is nie, maar om pro-aktief te bou vanuit die Persoon Jesus Christus wat die oplossing vir alles in die lewe is. Hierdie laaste drie paradigmas lyk nie so merkwaardig op die oog af nie, maar is meer verreikend as wat hulle lyk.

13) MAN VAN VREDE!

Die gedagte van die man van vrede kom uit Luk.10:5-7 – “En in watter huis julle ook al mag ingaan, sê eers: Vrede vir hierdie huis! En as dáár *‘n man van vrede* is, sal julle vrede op hom rus; anders sal dit tot julle terugkeer. Bly dan in daardie selfde huis en eet en drink wat hulle het, want die arbeider is sy loon werd. Moenie van huis tot huis gaan nie.” Hierdie beginsel het meer effek as wat ons oor die algemeen verstaan. Een van die groot redes vir die baie bekerings en die vinnige verspreiding van die evangelie in Indië, is juis die beginsel van die man van vrede.

David Watson het nie gefokus op individuele- of massa evangelisasie nie, maar op die man van vrede. Weereens, daar is ‘n plek vir individuele- sowel as massa evangelisasie, maar die beginsel van die man van vrede bring baie meer effektiwiteit en spoed. Ek dink nie ons het regtig ‘n idee hoeveel verwarring ons in Oosterse lande veroorsaak met individuele- en massa evangelisasie nie. In daardie wêreld vat een persoon nie maar net koers en

neem besluite op sy eie nie, of die massa besluit sommer sonder om vooraf samesprekings met mekaar te hê nie! As jy nie hulle familie infrastruktuur eer nie, het jy groot probleme. Die evangelie is ‘n verbond- en familiesaak. Ons oorbeklemtoon die feit dat elke persoon op sy eie moet besluit of hy die Here wil aanneem. Hoekom kan elkeen nie op sy eie SAAM besluit nie! Indien dit nie gebeur nie, word individue uit families gewerp, want hulle word beskou as individualiste wat hulle eie pad loop.

Daar is verskeie voordele aan die beginsel van die man van vrede.

- Die man van vrede is ‘n reeds gemotiveerde persoon wat reeds antwoorde soek en baie oop is vir hulp. Hy is dus reeds geestelik honger en soek antwoorde in die lewe. God is reeds aan die werk in elke gemeenskap. Ons moet net gaan inval waar Hy werk en dit is by die man van vrede.
- Die man van vrede is ‘n invloedryke persoon wat reeds ‘n sfeer van mense om hom het soos ‘n besigheid of ‘n uitgebreide familie. Indien hierdie persoon tot bekering kom, sal hy outomaties al die ander inbring. Dit is dus ‘n persoon met baie kontakte.
- As jy in ‘n ander land of kultuur werk, is dit baie moeilik om die evangelie werklik aan die mense binne die konteks van hulle kultuur te bring. Wanneer jy ‘n man van vrede het, sal hy dit sommer vir jou doen.
- Die man van vrede is dus ‘n sleutel persoon tot die gemeenskap wat die gemeenskap lei in die maak van besluite. Hy is die persoon wat jou sal inbring in die gemeenskap en aan die gemeenskap voorstel.

Die werkswyse met die man van vrede is nie om hom na die Here toe te lei, sodat hy die ander na die Here sal lei

nie. Hy is slegs die sleutel tot die ander mense. Hy is ook nie die persoon wat jou inbring in die gemeenskap en dan doen jy die werk nie. Die man van vrede bring almal bymekaar sodat hulle die antwoorde saam kan soek in ‘n dissipelskapsproses waar jy ook verkieslik nie teenwoordig is nie! Die man van vrede bring almal saam rondom die Woord, sodat hulle saam die oplossing kan soek terwyl die Vader die werk deur die Woord en die Heilige Gees doen! Dit is nou wat ek ‘n dinamiese konsep van gemeenteplanting noem! Hierdie man van vrede sal sy mense bymekaartrek, hulle sal saam in die Woord die antwoorde soek as totale ongelowiges met geen gelowige teenwoordig om vir hulle te preek of antwoorde te verskaf nie, en na ongeveer 6 maande staan daar ‘n gemeente! Dit is hoe die Vader gemeentes kan plant sonder dat daar altyd ‘n gelowige moet wees wat alles moet verduidelik of verklaar.

14) GEMEENTELEIERS IS GEWONE MENSE!

Een ding bly ‘n feit. Gelowiges moet in gemeentes wees en gemeentes het leiers nodig. Hieraan is daar geen twyfel nie! Dit was nog altyd die Vader se wil en plan op aarde. Dikwels dink ons egter vanuit ons verdeeldheid dat daar so baie gemeentes in ons dorpe en in die land is. Gemeentes moet orals wees, maklik om te begin en maklik om te bestuur en reproduseer. Gemeentes soos ons dit ken, is moeilik om te begin en nog moeiliker om te bou en te reproduseer. Ons probleem is dalk dat ons ‘n verkeerde konsep van gemeente beet het. In ons wêreld moet gemeentes groot en publiek wees met baie geboue en leiers. Gemeentes moet eintlik kleiner wees, minder publiek, meer persoonlik en makliker reproduseerbaar!

Ek was self vir baie jare besig met gemeenteplanting in dorpe en het ‘n interessante verskynsel opgemerk soos die jare verloop het. Dit is deesdae moeiliker om ‘n basiese vernuwingsgemeente te plant met al sy infrastruktuur as vroeër. Daar is ‘n weerstand by mense in dorpe om te glo dat dinge nou reg sal loop, want ons het ‘n nuwe leier, ‘n nuwe visie en ‘n nuwe strategie. ‘n Groter krisis as om die mense te probeer oortuig “om te kom”, is om ‘n ordentlike leier te vind wat die ding kan doen. Die enigste leiers wat iets gedoen kry, is diegene met ‘n evangelistiese gawe. Die mense raak eenvoudig uitgeboer met 90% leiers wat in die veld is, want jy is ook nie veronderstel om die res van jou lewe na een persoon se preke te luister en altyd opgewonde te raak nie! Dit wat jy ook as leier gebruik om mense te trek, moet jy aanhou doen of anders “is die diens nie goed genoeg nie”.

Die hele wêreldekonomie funksioneer op ‘n *verbruikersmentaliteit* (consumer mentality), en dit is ook waarmee mense ‘kerk toe kom’. Ons kom woon die diens by om te kyk wat daar vir ons Sondae aangebied word. As jy na die gemeentes se advertensies op radio luister, gaan dit suiwer oor hoe goed die volgende spreker is, die kwaliteit van die musiekspan, die kinderkerk en die kursusse! Dat daar in wese niks fout is met enigiets hiervan nie, is ‘n feit, behalwe dat dit nie is waaroor gemeentewees gaan en die opdrag van Jesus was nie. Ons doen al die mooi en goeie dinge, maar nie God se ding nie! Ek het nog nooit ‘n advertensie gehoor waar mense genooi word om deel te word, sodat jy uitgestuur kan word nie. Nuwe lidmate vra jou openlik: “Wat bied jy ons?” Hierdie siklus in gemeentelewe is siek en moet gebreek word voordat gelowiges dit ooit weer sal oorweeg om uit te gaan!

In ons huidige gemeentelewe is ons die hele tyd besig om, net soos in die besigheidswêreld, groot monopolië te bou. Een persoon beheer alles en almal werk vir dieselfde maatskappy. Net een generasie terug het 80% mense vir hulleself gewerk en vandag werk meer as 80% mense vir ander. Dit noodsaak meer beheer en persoonlike inisiatief word al hoe minder. In die spreektaal sê hulle daar is nie plek vir die klein outjies nie! Ons bedoeling in gemeentelewe was nog altyd om eerder ‘n paar groot gemeentes te bou as duisende kleintjies. Om die groot gemeente te bou is baie moeiliker met baie meer probleme en daar is net plek vir een leier. Ons noem al die ander ook leiers, maar in wese werk hulle maar vir die een senior leier.

Met klein gemeentes kan jy baie meer bou, want dit is makliker en daar is baie meer *eienaarskap* in die proses. Die moontlikheid is daar dat elke gelowige ‘n gemeente sal bou en dit word ook van hulle verwag. Jy hoef ook nie te wag tot jy eendag klaar opgelei is voor jy die gemeente begin nie, want die beste tyd om ‘n gemeente te begin is die dag na jou bekering! Daar is niks wat so energiek inwerk in gemeenteplanting as leiers wat met *‘n eerste liefde* werk nie. As jy dit nie doen nie, sal jou eerste liefde nie oorgaan in volwassenheid nie, maar in passiwiteit en teleurstelling. Nuwe gelowiges het ‘n intense begeerte om iets dinamies en unieks vir hulle Vader te doen. Laat hulle toe om ‘n gemeente te begin! Die oplossing tot ons gemeenteprobleem sit in die stoele en word as gewone gelowiges of selfs leke beskryf! Elke gelowige is ‘n woning van die God van die heelal waardeur die volheid van God die Vader kan manifesteer! Daar is geen rede hoekom elkeen van hulle nie ‘n gemeente van hulle eie kan hê nie, al werk hulle voltyds. Dit is trouens beter as hulle ‘n voltydse werk het. Miskien moet ons net weer kyk na ons definisie van gemeente in die volgende hoofstukke.

15) LEIERS FASILITEER GOD SE TEENWOORDIGHEID!

Hierdie punt is ongelukkig ook een van die moeilikes vir gemeenteleiers. Ons is so vol ywer en entoesiasme vir die Here, en wil so graag iets vir Hom ook doen dat ons eintlik alles oorneem by Hom en daar later nie meer plek vir die Vader is nie! Alles begin en eindig by leierskap in gemeentewees en dit was en is nog nooit verkeerd nie. Die vraag is net hoe ons ons leierskap uitleef. ‘n Mens moet mooi verstaan dat die hoof van ‘n besigheid baie streng en selfs onbuigbaar moet wees, want dit handel oor omset, produksie, winste en arbeid wat gelewer word teen ‘n vergoeding. In die meeste gevalle is die hoof dan ook die eienaar van die besigheid en hy het self betaal vir alles wat daar is. In die gemeente is Jesus die hoof en geen mens nie, want geen mens het ooit enige prys betaal vir die verlossing van ander mense nie! Ons betaal wel ‘n prys dat hulle die evangelie kan hoor en hulle vryheid in Christus kan beleef, maar ons het niks eienaarskap van enigiets in die gemeente nie.

Die gemeente is die bruid van Jesus Christus op aarde en leiers is deel van die bruid, maar beslis nie die hoof nie. Dat leierskap absoluut noodsaaklik is, is ‘n feit, maar geen leier is die hoof van die liggaam nie. Leiers se taak is nie om die bruidegom te vervang nie, maar die bruid terug te fasiliteer na die bruidegom. Leiers neem niks oor nie, maar fasiliteer net die bruidegom se teenwoordigheid. Leiers is soos ‘butlers’ in die huis. Hulle dra die gesag van die bruidegom, voer sy besluite uit, dien in die huis ter wille van hom, maar neem nooit die plek van die bruidegom in nie. Die butler dien die huis en bepaal die hele atmosfeer van die huis, maar het nie gesag oor die bruid nie. Die bruid

behoort eksklusief aan die bruidegom! Indien leiers reg funksioneer, sal hulle voortdurend die bepalende faktor wees, maar hulleself terselfdertyd op die agtergrond hou. Indien leierskap die bruidegom se teenwoordigheid fasiliteer deur middel van die Heilige Gees se werking, sal hulle al hoe meer onnodig wees op die voorgrond. Die 'matchmaker' hoef nie meer altyd teenwoordig te wees as die bruid en die bruidegom mekaar gevind het nie.

In hedendaagse gemeentewees is leiers so essensieel dat niks gebeur as hulle nie daar is nie. Trouens, hoe groter die gemeente word, hoe meer is almal afhanklik van die leiers en sonder hulle stort alles inmekaar. Ons sê ons bou nie op die leiers nie, maar die bruid weet ook nie hoe om tyd saam met die bruidegom te spandeer sonder die leiers se teenwoordigheid nie! David Watson is reeds 10 jaar van die toneel af en die beweging het hoër hoogtes in sy afwesigheid bereik as toe hy self daar was! Dit is radikaal en baie konfronterend wat ek hier skryf, maar die tyd het gekom om eerlik te wees met die realiteite waarmee ons lewe in gemeentelewe.

Hierdie beginsel word baie duidelik in die bediening van Jesus gereflekteer. Hy het telkemale gesê Hy sê net wat die Vader sê en doen net wat die Vader doen! Hy het nie Sy eie ding kom doen nie, maar net die plan van die Vader kom fasiliteer op aarde. Hoevele male het Hy nie gesê dat as jy Hom gesien het, het jy die Vader gesien. Die eerste taak in Sy koms na die aarde was om Sy Vader aan die mense voor te stel, sodat hulle kon weet wat hulle eie oorsprong is! Jesus het nie Sy eie ding kom doen en Sy eie bediening kom bou op aarde nie. Hoeveel te meer moet ons ophou om ons eie bedieninge te bou en mense te werf om dit uit te voer! Sy hele lewe en motivering was net om die Vader so getrou as moontlik te verteenwoordig, sodat die mense die Vader kan leer ken.

Leierskap is ook nie net in ‘n paar mense gesetel en veral in ‘n sekere persoonlikheidstipe nie. Leierskap is eerstens in God gesetel en in die gemeente het elke persoon leierskap in wie God teenwoordig is. Elke gelowige moet net leer om sy geestelike leierskap uit te leef en vaardig daarin te raak. Ons het ‘n hopeloos gespesialiseerde konsep van leierskap in gemeentewees vandag. Hedendaagse gemeenteleierskap is hoofsaaklik gesetel in vyfvoudige bedieningsgawes wat die werk doen, in plaas daarvan dat hulle die liggaam mobiliseer as instrument waardeur die Vader kan werk! Vyfvoudige leierskap hoort nie voortdurend op die voorgrond nie, want dit bring ‘n ongesonde afhanklikheid aan hulle mee. Vyfvoudige leierskap maak nuwe velde oop en rus die mense toe om op te staan en totale verantwoordelikheid vir die werk te vat sodat die leiers kan aanbeweeg na die volgende onbereikte veld of area!

Laastens is dit belangrik om te besef dat leierskap eintlik ‘n politieke, besigheids en sportterm is. Mense is leiers in die natuurlike wêreld, maar in die geestelike wêreld is ons eintlik vaders. Alle gelowiges het ‘n roeping om ‘n vaderskapsrol in te neem in ander mense se lewens. Vaderskap in ‘n huis is heelwat anders as leierskap in die natuurlike wêreld. Vaderskap ontwikkel en stel vry, terwyl leiers oorneem en beheer.

Dit bring ons aan die einde van ons paradigmas. Eintlik was dit die maklike deel! Dit is maklik om die probleem raak te sien en te ontleed. Die volgende uitdaging is om nou aan die oplossing te bou en ‘n nuwe strategie te kry. Die laaste groot uitdaging is om alles te gaan implementeer in die praktyk. Ek dink nie ek het al die antwoorde op al die vrae en uitdagings nie. Hierdie is nie die beweging van ‘n enkel leier nie, maar van die liggaam van gelowiges. Wat

ek hier skryf as ‘n leier in die liggaam, weet ek gaan die deure vir gewone gelowiges oopmaak en hulle gaan dinamiese dinge vir die Vader aanpak waaraan ek nooit eers kon gedink het nie! Ek gaan oor ‘n jaar na hulle opkyk vir leiding!

OPSOMMING

1) Ons kerkprobleem is nie in die eerste plek ‘n uiterlike probleem nie, maar ‘n innerlike hartsprobleem wat in verkeerde lewensstyle manifesteer!

2) Die ontleding van die probleem is nog nie die oplossing van die probleem nie!

3) Individuele evangelisasie en massa evangelisasie het beide ‘n plek, maar is nie noodwendig die effektiefste in dissipelskap nie. Jesus het ons beveel om die man van vrede te soek in die gemeenskap.

4) Die Here wil self die werk doen deur die man van vrede en het net ons aanvoorwerk nodig in die proses.

5) Kleiner gemeentes is meer persoonlik, beweegbaar, effektief en reproduseerbaar!

6) Jy bou ‘n gemeente met leierskap, maar nie op leierskap nie. Leierskap is reg geposisioneer indien die gemeente daarsonder kan reproduseer!

7) Gelowiges moet gesuiwer word van die verbruikersmentaliteit van die wêreld! Gemeentewees is ‘n plek waar jy uitgeroep is tot dienswerk en nie vermaak nie!

8) As jy groter wil gaan, moet jy kleiner word! Ons bou mega groot deur duisende mega klein gemeentes te bou!

9) Gemeentes behoort met die eerste liefde van die pas bekeerdes gebou te word!

10) Gemeentewees moet so eenvoudig gestruktureer wees dat enige gelowige dit kan doen!

11) Geen mens het ooit enige prys betaal vir die verlossing van ander mense nie en mag daarom ook nie beheer oor hulle neem nie!

12) Leiers se taak is nie om die bruidegom te vervang nie, maar die bruid terug te fasiliteer na die bruidegom. Leiers neem niks oor nie, maar fasiliteer net die bruidegom se teenwoordigheid.

13) Indien leierskap die bruidegom se teenwoordigheid fasiliteer deur middel van die Heilige Gees se werking, sal leierskap al hoe minder nodig wees op die voorgrond.

14) Hoe groter die gemeente word, hoe minder nodig behoort die inisiële leiers se teenwoordigheid te wees!

15) Leierskap is in die eerste plek in God gesetel en in die gemeente het elke persoon leierskap in wie God teenwoordig is. Elke gelowige moet net leer om hulle geestelike leierskap uit te leef en vaardig daarin te raak.

16) Mense is leiers in die natuurlike wêreld, maar in die geestelike wêreld is ons eintlik vaders.